Informa

August 2005 - 5    Amptelike nuusblad van die personeel van die UV/Official newsletter of the staff of the UFS

# Heart of the campus beats again


An ideal to accommodate senior management in the Main Building came true on 18 July 2005 when the building was again opened for business.

The offices of the Rectorate, certain senior managers and certain Support Services relocated to the Main Building. These includes the offices of the Rector, Vice-Rectors, Chief Directors, Registrar: General (including Language Services and Meeting Administration), Registrar: Strategic Planning, Director: Physical Resources and Special Projects, Director: Diversity, Planning Unit of the UFS and the Strategic Communication Division.

With this move management was brought closer to the academic heart of the university.

The Main Building is the second historical building upgraded and restored in the past year. In 2004 the Rector opened the Centenary Complex where the old Reitz Hall is now the main focus. The Main Building and the Centenary Complex are now being used by the university.

Ms Edma Pelzer, Director: Physical Resources and Special Projects, said it was a challenge to transform a hundred year old building into the head quarters of a modern university. Prof. Bannie Britz was the most suitable architect for the job. He also believed that management belongs in the Main Building and with his stature as architect and his experience in the field he was appointed for the task.



*Die Volksblad-kunstefees was vanjaar vir die vyfde keer op die UV-kampus gehou. Gereelde feesgangers het opgemerk dat Bloemfontein se lokale, waarvan die meeste op die UV-kampus geleë is, almal van hoogstaande gehalte is. Hier is die bekende rooi veldskoene van David Kramer wat vir die eerste keer die verhoog gedeel het met Valiant Swart, Gert Vlok Nel, Theuns Jordaan en Koos Kombuis in die 5-ling-rock-produksie wat 'n reuse treffer was op die fees.*

Prof. Britz succeeded in using local and inexpensive building material for the project and kept original material where he could.


"This prominent building today is synonymous with the UFS," said Ms Pelzer.

The Main Building compares well in the international arena according to Prof. Ora Joubert, previously Head of the Department of Architecture at the UFS and now Head of the Department of Architecture at the University of Pretoria. She visited the campus during the Volksblad Arts Festival and was very impressed with the building.

Ms Pelzer said it is good to receive positive feedback, but it is more important that people working in the building are functioning well. Dr Pieter le Roux from Architecture will soon measure the successful functioning of staff in a building performance evaluation study.

Ms Pelzer also indicated that 38 under cover parking spaces are being built west of the Johannes Brill Building. Twenty-five of these will be for staff in the Main Building.

... beats again continues on p2



... beats again continues from p1

For security reasons and because of open plan offices access to the Main Building is strictly monitored. Staff members and visitors from outside the university who want to meet with personnel working in the building will have to report at the front desk at the main entrance during office hours.

# Papierlose vergaderings trek internasionale aandag

Prof. Sakkie Steyn, Registrateur: Algemeen van die UV, en me. Fientje D'Haeyer, Produkkonsultant van Cipal in België, het 'n gesamentlike werkswinkel by die *3rd International Conference on Education and Information Systems, Technologies and Applications* aangebied. Dié werkswinkel het op 17 Julie 2005 in Orlando, VSA, plaasgevind.

Die titel van die werkwinkel was *E-management of effective decision-making in a higher education environment: a case study*. Prof. Steyn en me. D'Haeyer het geïllustreer hoe 'n sagteware-oplossing wat in België vir toepassing binne munisipaliteite ontwikkel is, by die UV aangepas is vir 'n hoëronderwysomgewing en aangewend word om die algemene probleem van 'n tyd- en koste-oneffektiewe wyse van voorbereiding vir, verloop en hou van vergaderings hok te slaan.

Die werkwinkel het baie goed verloop en belangstelling in verdere bekendstelling met die papierlose vergaderingstelsel is deur kongresgangers uit verskillende lande uitgespreek.

Prof. Steyn sê die Dagbestuur van die Uitvoerende Bestuur hou sedert 3 Augustus 2004 sy vergaderings ten volle elektronies deur middel van die Parnassus-sakelys- en -notulebestuurstelsel.

"Die elektroniese bestuurstelsel het 'n betekenisvolle bydrae by die UV gemaak in die vorm van 'n dramatiese toename in tyd- en koste-effektiwiteit van vergaderings. Die saamstel van 'n sakelys en dokumentasie van ongeveer 300 bladsye word weekliks na bestuurslede se kantore gedesentraliseer en deur die sekretariaat elektronies gemoniteer. Na die sluiting van die sakelys word dit elektronies na lede versprei," sê prof. Steyn.

Die webkoppelvlak vir effektiewer samestelling en publisering van sakelyste en notules en die interaksie met inligting in die UV se databasis, sowel as die uitbreiding van die stelsel na groter vergaderings word tans ondersoek.

# STAFF IN THE MAIN BUILDING

| Name, division | Office number | Extension |
|---|---|---|
| ***Office of the Rector*** | | |
| Prof. Frederick Fourie, Rector | 11 | 2114 |
| Ms Ilse le Roux | 11 | 2114 |
| Ms Lenie Wepener | 11 | 9361 |
| ***Office of the Vice-Rector: Academic Operations*** | | |
| Prof. Teuns Verschoor, Vice-Rector: Academic Operations | 61 | 2116 |
| Ms Eleanor vd Westhuizen | 1st Floor, north | 2116 |
| ***Office of the Vice-Rector: Student Affairs*** | | |
| Dr Ezekiel Moraka, Vice-Rector: Student Affairs | 23 | 3002 |
| Ms Alna Fourie | Ground floor, south | X3002 |
| ***Office of the Vice-Rector: Academic Planning*** | | |
| Prof. Magda Fourie, Vice-Rector: Academic Planning | 39 | 3773 |
| Ms Nina Landman | 1st Floor, north | 3773 |
| ***Planning Unit*** | | |
| Mr Willem Malherbe | 60 | 2112 |
| Ms Petro van Rooyen | 1st Floor, south | 2112 |
| Mr Vaatjie Olivier | 57 | 2426 |
| Ms Marlene Viljoen | 40 | 2432 |
| Ms Wilma Steinman | 40 | 3327 |
| Dr Louis vd Westhuizen | 58 | 2862 |
| Ms Esté van Zyl | 1st Floor, north | 2862 |
| Dr Johnnie Hay | 59 | 2546 |
| Ms Jana Buitendag | 1st Floor, south | 9082 |
| Dr Heinrich Alt | 40 | 3771 |
| ***Community Service*** | | |
| Rev. Kiepie Jaftha, Chief Director: Community Service | 51 | 2474 |
| Ms Anna-Ryna Olivier | 1st Floor, south | 2474 |
| Dr Mabel Erasmus | 56 | 3732 |
| Ms Marisa Brynard | 1st Floor, south | 2586 |
| ***Office of the Chief Director: Operations*** | | |
| Prof. Niel Viljoen, Chief Director: Operations | 33 | 3735 |
| Ms Zita Strydom | Ground floor, north | 3735 |
| ***Office of the Director: Physical Resources and Special Projects*** | | |
| Ms Edma Pelzer, Director: Physical Resources and Special Projects | 32 | 3245 |
| Ms Annemarie Ludick | Ground floor, north | 2778 |
| Mr Nico Janse van Rensburg | 30 | 9306 |
| Ms Elmari Groenewald | Ground floor, north | 3632 |
| ***Office of the Registrar: General*** | | |
| Prof. Sakkie Steyn, Registrar: General | 25 | 6102 |
| Ms Susan Esterhuizen | Ground floor, south | 3796 |
| ***Office for Diversity*** | | |
| Mr Billyboy Ramahlele, Director: Equity and Diversity | 30 | 3279 |
| ***Meeting Administration and Language Services*** | | |
| Ms Elsabi Bezuidenhoudt | 22 | 9124 |
| Ms Nellie Friend | 21 | 2508 |
| Ms Anna van der Walt | 22A | 2549 |
| Ms Suzette Botha | 22C | 9291 |
| ***Strategic Communication*** | | |
| Mr Anton Fisher, Director: Strategic Communication | 52 | 2749 |
| Ms Karen Minnaar | 1st Floor, south | 3422 |
| Ms Lacea Loader | 1st Floor, south | 2584 |
| Ms Leatitia Pienaar | 48 | 9188 |
| Ms Tumi Tabane | 49 | 2828 |
| Ms Leonie Bolleurs | 49 | 2707 |
| Mr Hannes Pieterse | 49 | 3502 |
| *New fax number: 051 444 6393* | | |

# Nuwe boek ondersoek taalbeleid



*Tydens die boekbekendstelling was van links prof. Theo du Plessis, Direkteur: Eenheid vir Taalfasilitering, dr. Elbie Truter, navorser in die Eenheid, en prof. Dirk van den Berg, Redakteur van Acta Academica.*

Die Eenheid vir Taalfasilitering en –bemagtiging (ETFB) het 'n nuwe publikasie, *Die ontplooiing van die taalbeleid in die onderwys (1652 – 1961) met spesiale verwysing na die uniale periode,* die lig laat sien. Hierdie publikasie ondersoek die historiese konteks van die taalbeleid in die onderwys, 'n tema wat in die jongste tyd weer in die kollig staan.

Die geskiedkundige perspektief wat die publikasie bied, vul 'n leemte wat rondom die dokumentering van taalbeleidsontwikkeling vir die onderwys in Suid-Afrika bestaan. Uit hierdie publikasie kan ons leer om nie die foute van die verlede te herhaal as dit by taalbeleid in die onderwys kom nie. Die publikasie is veral relevant vir die huidige debat in Suid-Afrika oor moedertaalonderwys en dubbelmedium-onderwysprojekte.

Die uitgawe is beskikbaar by die Publikasiekantoor van die UV-Sasol-biblioteek.

# Minister congratulates Olihile

Prof. Frederick Fourie, the Rector and Vice-chancellor, received the following letter of congratulations from Ms Naledi Pandor, the Minister of Education on Olihile Sebolai's breakthrough research.

*"It was with great pleasure that I recently read a media release of the University of the Free State which highlighted the successful research endeavours of one of your postgraduate students, Mr Olihile Sebolai.*

*May I take this opportunity of congratulating the university and in particular the Department of Microbial, Biochemical and Food Biotechnology for its ground-breaking work and more especially for nurturing talented students such as Mr Sebolai."*

**Editor**: Olihile, you made us all proud. Keep up the good work!

# Lesotho decision makers attend UFS seminaar

Prof. Ebben van Zyl, Prof. Coen Bester and Dr Cobus Pienaar from the Department of Industrial Psychology's Unit for Leadership Studies were invited to share their knowledge and expertise at a seminar titled *Breakthrough Leadership in a Dynamic Business Environment*. The seminar was hosted in Maseru by the Centre for Accounting Studies on 19 and 20 July 2005. High-profile decision makers within the private and public sectors of Lesotho attended the seminar.

Prof. Bester focussed on a broad range of perspectives regarding effective leadership and specific skills and attributes that are essential to perform well as leaders. The strategic human resource related principles that are vital to the creation of great and visionary companies were discussed by Dr Pienaar.

Dr Pienaar said: "The seminar ended on a high note with delegates indicating how they were going to implement this cutting-edge information in their own organisations."

The Unit for Leadership Studies that was established towards the end of 2004 provides organisations with life-changing information based on scientific research and assessment in order to assist and facilitate growth and development within the human resource domain of these organisations.

## Dates to diarise

**Friday 2 September 2005** is Casual Day. Wear your heart on your sleeve. Dress whacky, weird or wonderful and show your heart for people with disabilities.

**21 October 2005** opening of Centre for Plant Health Management.

**24 August 2005** Kovsie Counselling and Development and the Student Counselling Association of South Africa are hosting a workshop titled: *Career Counselling, Dilemmas and Challenges in Twenty Five*. Prof. Koos Venter will be presenting this workshop.


**14-17 August 2005** Prof. Lucius Botes will deliver a paper at the International Conference on Engaging Communities in Brisbane, Australië.

**29-31 August 2005** Association of Commonwealth Universities (ACU) workshop.

# Governance on Qwaqwa Campus strengthened



Dr Eugene Malete.



Prof. Peter Mbati.



Mr Teboho Manchu.

The designation of the head of the Qwaqwa Campus, Prof. Peter Mbati has changed to Campus Principal. This and other changes to the top structure on the campus were approved by the UFS's Executive Committee.

They also recommended that all the line managers on the Main Campus should liaise and consult with the Campus Principal on matters significantly impacting the operations and management of the Qwaqwa Campus. Decisions taken by the line managers on the Main Campus that affect the Qwaqwa Campus must demonstrate that a proper consultation process with the Campus Principal and/or other relevant officials on the Qwaqwa Campus has been followed, and vice versa. It is important that appropriate administrative assistance be given to the Campus Principal in the day-to-day operational management of the campus.

The Qwaqwa Campus Co-ordinating Management Committee has recommended that Dr Eugene Malete and Mr Teboho Manchu should assist the Campus Principal in the day-to-day operational management of the academic and support services functions respectively on a temporary basis for the next six months. Both will serve as members of the Campus Principal's Advisory Team. Dr Malete is the Programme Head for Humanities and Mr Manchu is Deputy Director: Student Affairs.

# Regstydskrif-eeufeesuitgawe sien die lig

Die Eeufeesuitgawe van die Tydskrif vir Regswetenskap (TRW) is op 13 Junie 2005 deur die redakteur, prof. Charles Ngwena, en prof. Johan Henning, die Dekaan van die Fakulteit Regsgeleerdheid aan prof. Frederick Fourie, die Rektor oorhandig.

Die TRW word reeds sedert Januarie 1976 gepubliseer as 'n geakkrediteerde nasionale tydskrif wat oorspronklike navorsingsartikels in die regsgeleerdheid in Afrikaans en Engels publiseer.

Die Eeufeesuitgawe van die TRW wat saamgeval het met die Eeufeesvieringe van die UV, is saamgestel uit bydraes van die personeel van die Fakulteit Regsgeleerdheid en die Skool vir Rekeningkunde.

Ondermeer is die intreerede van appèlregter Joos Hefer, *Billikheid in die Kontraktereg,* wat hy gelewer het as die eerste ereprofessor in Privaatreg aan die UV, in die tydskrif gepubliseer. Dit bevat ook 'n omvattende uiteensetting van die geskiedenis van die Fakulteit, opgestel deur proff. Johan Henning, Boelie Wessels en adv. Jaco de Bruin van die Departement Romeinse Reg, Regsgeskiedenis en Regsvergelyking. Die tydskrif beleef vanjaar sy dertigste publikasiejaar.



*Prof. Charles Ngwena, links, oorhandig 'n kopie van die Eeufeesuitgawe van die Tydskrif vir Regswetenskap aan prof. Frederick Fourie, Rektor. By hulle is prof. Johan Henning, Dekaan van die Fakulteit Regsgeleerdheid.*

# Labirint laat baie wonder

Wat is dit dié? Net regs agter die Hoofgebou op die hoofkampus van die UV – dit is nou as jy voor die gebou staan – is daar 'n "iets" of 'n "ding" soos so baie wat daar verbystap daarna verwys en daaroor wonder.

In die verbygaan hoor jy 'n gedempte gefluister agter-die-hand: "is dit nie dalk satanies van aard nie", of "dit is Oosters en mens sukkel nie met daardie gelowe nie".

Prof. Bannie Britz, argitek wat verantwoordelik was vir die restourasie van die Hoofgebou slaan alle praatjies die nek in en vertel dat die labirint – ja, dit is wat dit genoem word – 'n Westerse gebruik is. Eeue gelede het Christene dit in van die mooi Gotiese kerke in Europa aangebring om te mediteer.

"Die labirint is deel van die gebruik van die Hoofgebou. Mense is nou baie meer kantoorgebonde as vroeër jare. Die labirint is 'n geleentheid vir personeel van die Hoofgebou om weer met hulself kontak te maak. Personeel kan uitkom in die buitelug en mediteer of van hul stres ontslae te raak," sê prof. Britz.

Die heining gaan toegerank word. Die wat wil mediteer sal dit in privaatheid kan doen waar mense van buite hul nie kan sien nie.

'n Labirint het draaie soos 'n doolhof, maar het geen doodlooppaadjie nie. Die pad waarmee jy ingaan is die een waarmee jy uitkom. Daar is geen regte manier om 'n labirint te gebruik nie, maar daar is 'n paar riglyne wat kan help om die regte denkproses aan die gang te kry. Voordat jy ingaan, raak stil en gesentreerd. Gaan dan in terwyl jy op die fisiese stapproses fokus op pad na die middelpunt. Die middelpunt word gebruik vir meditasie en stresontlading.

Met die raaisel nou opgeklaar, is daar nog steeds die wat bly wonder. Wie gaan die eerste tree gee? Of soos iemand gesê het, wie gaan die baan open?

# Community Service decides the way forward



*Dr Mabel Erasmus from the Chief Directorate Community Service at the UFS and Mr Jabulani Katelo, chairperson of the Board of Trustees of the Mangaung UFS Community Partnership Programme (MUCPP).*

The Chief Directorate Community Service at the University of the Free State presented a work seminar with the theme *Community Service – the way forward*.

The purpose of the seminar was to evaluate the community service policy of the university, which was adopted by university Council three years ago. The policy objectives will now be revised in the light of the renewed commitment of the university to continued transformation and the current regional and national priorities.


## Promosie-artikel

## Mooirivier se premies bly markverwant

*Boodskap van Huibré du Toit van Mooirivier Makelaars*: Goeiedag almal uit 'n winderige Augustus. Met 'n matige winter agter die blad wonder mens wat gaan die somerseisoen oplewer. Mooirivier Makelaars wil graag dankie sê aan sy kliënte. Ons eiseverhouding lyk baie goed.

Ons premie is en bly nog baie kompeterend en met die sagte versekeringsmark daar buite en u lae eiseverhouding kon ons nog altyd u premies markverwant hou.

Graag wil ek ons administratiewe dames aan u voorstel. Pearl Gilroy en Debi Potgieter is die vriendelike stemme wat die telefone antwoord en al u wysigings hanteer en u skedules pos. Selfs u eisaanmelding word deur hulle hanteer. Hulle is die ruggraad van ons kantoor.

Onthou, Mooirivier Makelaars se deur is altyd oop en kom gesels gerus of skakel en vra dat ons u kom besoek. Ons wil graag die persoonlike kontak tussen makelaar en kliënt behou. U is nooit net 'n nommer by ons nie, u portefeulje bly uniek en u word dus as individu hanteer.

Sterkte vir die semester.

# Openbare Bestuur sterk teenwoordig in Italië



*Die personeellede wat die konferensie bygewoon het, is van links, agter: mnr. Lyndon du Plessis, dosent; prof. Koos Bekker, projekbestuurder; dr. Moses Sindane, departementele voorsitter, en dr. Londy Luvuno, senior dosent. Voor: mev. Hestelle van Heyningen van die Departement Bedryfsielkunde, prof. Hendri Kroukamp, programdirekteur en me. Alet Ness, vakkundige beampte.*

Ses lede van die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe se Departement Openbare Bestuur en een lid van die Departement Bedryfsielkunde aan die UV, het die konferensie van die Internasionale Vereniging van Skole en Institute van Administrasie (IASIA) in Como, Italië, vanaf 11 tot 15 Julie 2005 bygewoon.

Dit is die vierde keer dat sewe referate van een departement vir 'n internasionale konferensie aanvaar word. Die tema van die konferensie was *Education and training at various administration levels: Assessing needs, ensuring quality*. Weens die streng keuringsproses van die konferensiekomitee is slegs 50 referate vir aanbieding goedgekeur.

Prof. Hendri Kroukamp, Projekbestuurder van die Departement Openbare Bestuur sê: "Bywoning van die konferensie het gewys Suid-Afrika as ontwikkelende land hoef nie terug te staan by enige ander ontwikkelde land rakende aangeleenthede rondom openbare sektorbestuur."

## Australia Prof. talks about global governance



*The Department of Political Science at the UFS presented a public lecture titled "Terrorism, counter-terrorism and global governance." Prof. Sam Makinda, head of Politics and International Studies at Murdoch University in Perth, Australia presented the workshop where from left, is Mr Paul Helepi, Commissioner: Public Service Committee, Prof. Engela Pretorius, Vice dean: Humanities, Prof. Daan Wessels, Departmental Chairperson: Political Science and Prof. Sam Makinda.*

# Aanstellings en bevorderings

**Prof. André Dannhauser** is bevorder tot professor in die Departement Menslike Voeding vanaf 1 September 2005.

**Prof. Johan Spies,** Biologiese Wetenskappe, **mnr. Frank Berry,** Bouwetenskappe, **dr. Ted Kroon,** Fisiese Wetenskappe, **dr. Hermann Praekelt,** Geowetenskappe, **prof. Johan Greyling,** Landbouwetenskappe, **dr. Lizette de Wet,** Rekenaarwetenskappe, **prof. Hester Steyn,** Verbruikerswetenskappe, **prof. Dana Murray,** Wiskundige Wetenskappe en **mev. Dienie Steenkamp,** Stads- en Streeksbeplanning is vanaf 1 Junie 2005 tot Desember 2006 aangestel as programdirekteure in die Fakulteit Natuur- en Landbouwetenskappe.

**Prof. Rob Bragg** van die Departement Mikrobiese, Biochemiese en Voedselbiotegnologie is bevorder tot professor vanaf 1 Julie 2005.

**Proff. Linda Basson, Peter Mbati** (Qwaqwa) en **Theuns van der Linde** van die Departement Dierkunde en Entomologie is tot vol professor bevorder vanaf 1 Julie 2005.

**Prof. Dap Louw** is aangestel as departementele voorsitter van die Departement Sielkunde vanaf 1 Julie 2005 tot 30 Junie 2008.

**Me. Leane Ackermann** is aangestel as waarnemende departementele voorsitter van die Departement Sosiologie vir die periode 1 Oktober tot 31 Desember 2005.

**Prof. Margaret Raftery** is aangestel as programdirekteur vir die M.A. (Genderstudie) vanaf 1 Oktober 2005 vir 'n tydperk van drie jaar.

**Prof. Surehs Khana** is as Ereprofessor in die Sentrum vir Rekeningkunde aangestel**.**

# In Memorium

**Ms. Gloria Phatheli** who was employed in the Protection Services Department of the Qwaqwa campus of the university passed away on the Tuesday, 9 August 2005.

# Time out with...



## Women not getting their slice yet



Ms Mamokete Ratsoane.

"Do unto others as you would like them to do unto you." This is Ms Mamokete Ratsoane's motto in life. She is the Head of the Human Resources Department at the Qwaqwa Campus.

Ms Ratsoane deals with labour relations challenges such as disciplinary and grievances procedures on an ongoing basis. She expressed her concern about highly qualified staff leaving the campus. "From January 2005 seven out of the 266 staff members left. People leave the Qwaqwa Campus for greener pastures at other universities or the private sector where they believe they will receive better salaries." She added that the incorporation with the UFS and the alignment of services to those of the Main Campus were not the main reasons why staff had already left the campus.

Recruits are interviewed but they turn down the offers. She feels the reason for that is two-fold: "People apply for positions here, without knowing where the campus is situated. Many then turn down job offers when they see where the campus is," she said.

Secondly she believes that appointing staff temporarily causes them to leave. Ms Ratsoane said: "Temporary staff will get permanent jobs elsewhere and leave. This is a threat to the campus as it gives a perception that the campus will not be there in a year or two."

To equip and better herself for her tasks in the Human Resources Department she completed her B.Comm. degree and enrolled for a B.Comm. Honours at UNISA. She is not only successful in her studies, but made significant progress with her career at the Qwaqwa Campus. Since her appointment in 1998 as personnel officer, she has worked her way up to Assistant Director: Human Resources. She was also appointed as the acting head of the Human Resources Department. "I enjoy management's support in this position. This appointment was the highlight of my career at the university. I would definitely like to be the permanent head of the Human Resources Department on the Qwaqwa Campus," she says.

Ms Ratsoane believes that women do not have a large slice of the cake when it comes to senior positions. However, she does believe that this will soon be addressed by the university's Employment Equity policy.

After a day filled with challenges Ms Ratsoane likes to recharge by watching television soap operas. She also enjoys attending church and reading the Bible, as well as good motivational books.

But for the 39-year old single mother her two sons Tshitso (15) and Tumisang (7) are the love of her life. "They are my reason for living," she said.

# Prof. Grobbelaar open kongres in China

Prof. Johan Grobbelaar van die Departement Plantwetenskappe aan die Universiteit van die Vrystaat het die openingslesing gelewer by die tiende driejaarlikse kongres van die *International Society for Applied Phycology* wat van 24-28 Julie 2005 in Kunming, China, onder die beskerming van die Chinese Akademie vir Wetenskap en die Nasionale Stigting vir Natuurwetenskappe plaasgevind het. Sy onderwerp was *Photosynthetic characteristics of Spirulina platensis grown in commercial scale open outdoor photobioreactors.*

Afgevaardigdes van 38 lande het die kongres bygewoon. Hoogtepunte van die kongres was die belangrike rol van alge om veral die koolsuurgasprobleem en klimaatsveranderinge van die wêreld op te los en die geweldig toename wêreldwyd in probleme met toksiese alge en gesondheid.

Prof. Grobbelaar doen reeds meer as 30 jaar navorsing oor algbiotegnologie en is betrokke by die grootste kommersiële spirulina-produksie-aanleg by Musina in Limpopo.



Prof. Johan Grobbelaar.

Mooirivier
Makelaars /Brokers

SPESIALISEER IN KORTTERMYNVERSEKERING
SPECIALISING IN SHORT-TERM INSURANCE

*Puik dienslewering deur persoonlike kontak,
effektiewe eisebestuur en risiko
beperking, wat lei tot lae premies
en u gemoedsrus te bied.*

*Excellent service delivery through
personal contact, effective claims and risk management,
which results in lower
premiums to give you peace of mind.*

Kontak ons by Tel (051) 447 6877 Faks (051) 447 5758 of
e-pos aan mmbloem@mweb.co.za
Contact us on Tel (051) 447 6877 Fax (051) 447 5758 or
e-mail mmbloem@mweb.co.za

Hollard
SELECT BROKERS

# Big brother is watching you!

Dagsê

Bultjie is nog effe bankrot en uitgeput na al die op-, in- en uitvoerings tydens die Volksblad-kunstefees! Die winterhart op die kampus is behoorlik warm gemaak met puik vermaak vir die gees en siel.

Wat 'n geweldige klomp artistieke energie is nie hier op kampus losgemaak nie – 'n mens voel dit dae na die fees nog steeds rondsweef. En ons kampusmense se bydrae op artistieke en organisatoriese gebied maak mens trots om 'n Kovsie te wees.

Jammer vir julle wat daai week moes gaan jag en alles gemis het! Die bokke hier was baie mooier!

As far as standard is concerned, it's clear that local artists and ex-Kovsies participating at the festival, can rub shoulders with the best in the country. Although most performances were in Afrikaans, most productions reflected the multiculturality of our society. One would like to see more of our students at events like these. And what a beautiful theatre we have in the new Scaena. You'll be a fool to study here for three years and not attend one show there! It's there for you!

Sekere goedjies irriteer mens tog. Soos Mammie vir die Carwatch gesê het toe hy vir haar skree: "Antie! Kan ek vir Antie kyk?" Nou kyk! Niemand sê of skree vir Mammie "Antie" nie. Toe kap sy vir Carwatch: "Ja, jy kan vir Antie kyk as Antie vir jou mooi is!"

Nou ja, dit irriteer my netso dat elke tweede 4X4 nou regtig óp die sypaadjies moet parkeer, al is daar 20 treë verder ordentlike parkeerplek. Dan wil ek skree: "Haai jy! Ons het jou 4X4 ráák-gesien en ons wéét Hy/Sy/Dit kan bosse, bome, trappe, bulte en bergreekse klim. Ons het dit alles reeds op die TV-advertensie gesien! Ons wil nie 'n praktiese demonstrasie hier hê nie! Julle breek ons sypaadjies! Jou **eı◡ĒDȻȻã:**

Jis ou! Hoe lekker vloek ek nou in Arabies!

Is die Groot Trek nou klaar? Topbestuur is in die Hoofgebou waar hulle hoort. Dit bly maar die mooiste gebou op die kampus. Bo uit die toring kan mens sommer afkyk en sien wie loop darem nog klas – sodat die *continuous assessment*-vorms reg ingevul kan word! Ja, en wie sit en kluitjies bak op die grasperke voor die koshuise, wie sit en *crib notes* maak voor die Scholtz-saal en watter personeellid *slip* voor vyf by die hek uit! Wees gewaarsku! *Big brother is watching you!*

Ek stel voor dat ons Johan Loock toestemming gee om volgende jaar met sy Martini Henry daar in die Hoofgebou se toring stelling in te neem en hom te laat losbrand op al die 4X4-sypaadjie-klimmers se bande! Dan spaar ons sommer op fireworks ook. Dit sal hulle laat spring! "Hiert jou blou-bles-**eı◡ĒDȻȻã:**a̰i Dit was **eıȻȻã:** CLOSE!"

Groete van huis tot huis!

**Bultjie**

# Maria's voice takes her to Europe

Choir member, Ms Maria Mogopodi, an employee in Accommodation Services at the UFS, had the opportunity to rock European audiences.

She is a member of the Rock Choral Choir that was invited by St. Stephan Cathedral, to participate in a fundraising concert in Vienna, Austria. The concert was held in June this year.

"We flew out of South Africa on 13 June 2005 and came back on 28 June. This was a historic experience for me. Our choir was the only one from Africa to be invited to the concert," she said during an interview with Tumi Tabane from Strategic Communications at the UFS.

The choir, which falls under PACOFS and is led by Ms Virginia Seane, had the opportunity to perform alongside choirs from Miami, Moscow and Vienna.

Ms Mogopodi, who sings alto, said: "Several concerts were planned for our choir, including two in Prague's famous St. Nicholas Church, as well as concerts in Koblenz, Salzburg, Berchtesgarten, Hallstadt and Vienna.

"People in the countries we visited were very kind to us. The only challenges were the language and the extremely hot weather in Germany.

"Our trip was sponsored by the Free State Department of Arts and Culture. The assistance of the Chief Director: Community Services, Rev. Kiepie Jaftha, and the Rector of the UFS, Prof. Frederick Fourie, made it possible for me to go on this trip.

"I never thought I would be granted an opportunity to go abroad through my music. Young people must explore their talents. After my high school years, I took singing as an extramural activity. I never went to school to study music, but this talent took me to places I never thought I would get the opportunity to visit in this lifetime," said Ms Mogopodi.



*Ms Maria Mogopodi.*

# Kos jou huislenings jou 'n plaas se geld?

# Ons kan help.

Vir die meeste mense beteken die finansiering van 'n huis dat daar min geld oorbly om dit in 'n tuiste te omskep.

Slaan nou munt uit Sanlam se gesekuriteerde lenings. Jy sal verbaas wees om te sien watter verskil hierdie voorkeurkoerse kan maak.

Jy kan voordeel trek uit:

- 'n besparing van tot 2% op jou huisleningskoers
- die aanwending van die ekwiteit in jou bestaande huis om kontant vir aanbouings te verkry.

**Skakel Ben Opperman om uit te vind hoe jou huislening jou finansiële beplanning kan aanvul en weer geld in jou sak kan sit. Sy e-posadres is benoprmn@intekom.co.za**



**Ben Opperman**
Senior Onafhanklike
Finansiële Adviseur
051 407 8156
082 457 2240

Sanlam
Huislenings
*Ons dink vooruit*

# Praat, eet, jol, luister, sien, sing… UV-kampus weer huis vir kunstefees



*Dieperink Möller (middel bo), Prof. Hennie van Coller (links bo) en Zollie (links onder) was maar drie van die groot verskeidenheid kunstenaars/ opvoerings wat met vanjaar se Volksblad-kunstefees weer verhoë op die UV-kampus aan die brand gespeel en gepraat het.*

## Samelewingsdiensleer is trotse tradisie vir Regte

"Een van die belangrikste eienskappe van die regsprofessie is dat dit diens ten bate van die gemeenskap lewer. Soos wat die begrippe *samelewingsdiens* en *samelewingsdiensleer* mettertyd op universiteitsvlak ontwikkel is, het die Fakulteit Regsgeleerdheid daarmee tred gehou, en sit so vandag 'n trotse tradisie voort," sê mnr. Neels Swanepoel, Direkteur van die Regshulpkliniek.

Die Regskliniek van die fakulteit is die vlagskip van gemeenskapsdiensleer vir dié fakulteit. Baie arm lede van die publiek ontvang gratis regsdienste en finalejaar-regstudente verrig gemeenskapsdiens ter verwerwing van akademiese krediete.

Elke student moet 'n minimum van 120 uur per jaar op die wyse by die kliniek deurbring. In 2005 was daar 78 studente wat hul praktiese regsopleiding aan die UV-regskliniek uitgevoer het.

Die kliniek identifiseer weerlose groepe binne die gemeenskap en streef om die nodige toegang tot die reg aan hul te voorsien.

Die samewerking en insette van die Fakulteit Regsgeleerdheid is grotendeels verantwoordelik vir die sukses van die Regskliniek. Dit is vir die fakulteit 'n topprioriteit dat die grootste moontlike inspraak ontvang word vanaf die georganiseerde regsprofessie oor wat van die nuut afgestudeerde regstudent verwag word.

By die Hof vir Klein Eise in Bloemfontein het die fakulteit die voortou geneem, tot die mate dat vyf van die agt Bloemfonteinse kommissarisse van die Hof vir Klein Eise lede van die fakulteit is.

Die UV-regskliniek is geakkrediteer by die Regsgemeenskap van Suid-Afrika by wyse van sy akkreditasie by die Regsvereniging van die Vrystaat.




Sparkie is the name of the main character in our new cartoon strip which will depict aspects of life at the University of the Free State. Sparkie is a staff member with a sparkling sense of humour. We hope we that you – like Sparkie – will be able to see the humour in our surroundings. Congratulations to Prof. Nico Luwes. He is the winner of the R100 voucher from Traümerei for naming our main character.


## *Riverview Lodge*

SPECIALISTS IN SPORTS TOURS & LARGE GROUPS

ACCOMMODATION

**STUDENT ACCOMMODATION (CAPE TOWN)**

**Ideal for large/small groups (Sports groups/academic/ holiday accommodation)**
**Five star budget accommodation**
**Conveniently situated close to UCT and all that Cape Town offers**

**Rate:**
**From R75/sharing**
**Bed & Breakfast (Budget)**
**Meals available upon request**
**Ph: (021) 447 9056**
**Fax: (021) 447 5192**
**E-mail: info@riverview.co.za**
**Special rate for groups/long staying guests**
**Go to our website: www.riverview.co.za or phone/fax/e-mail us for additional information.**


## Five old Kovsies now play for Springboks



*Five current and former Shimla players were in the practice team of the Springbok Rugby Team. The team practised at the UFS campus prior to their test series. From left, C.J. van der Linde; Tonderai Chavanga; Guthrö Steenkamp and back Dr Sherylle Calder, sport vision scientist and former Kovsie; Juan Smith; Prof. Frederick Fourie, Rector and Vice-Chancellor of the UFS; Gerrie Britz and Dr Derik Coetzee, conditioning coach of the team and associated with the Department of Human Movement Science of the UFS.*


## Izami Bloemiste: /The Braai Shop

**Izami Bloemiste:**
Thea van Wyk
Tel: 051-4366179
Fax: 051-4364354

**The Braai Shop:**
Tel: 051-4365630

**Besoek ons by:**
h/v Milner en Waverleyweg, Bayswater, Bloemfontein

Website: www.izami.20m.com e-mail: izami@telkom.sa.net

Bring die advertensie saam en kry 10% afslag op u aankope.

Verskaf asseblief die volgende inligting en slaan die kans om 'n wenner van ons maandelikse trekking te wees by **Izami Bloemiste** of **The Braai Shop**.

U naam: ..............................
Tel no: ..............................
E-pos: ..............................

Eggenoot/eggenote/vriendin se:
Werkgewer: ..............................
Verjaarsdag: ..............................
Huweliksherdenking: ..............................
Sel no: ..............................

**Laat ons u help onthou!**



### Publikasiebesonderhede

Informa word saamgestel deur UV: Strategiese Kommunikasie.

Redakteur: Leonie Bolleurs
Uitleg: Chrysalis Advertising & Publishing
Drukwerk: Print 24

Menings wat in Informa gelug word, weerspieël nie noodwendig die van die redakteur, Afdeling: Strategiese Kommunikasie, of die UV nie.

http://www.uovs.ac.za/publications
http://www.uovs.ac.za/publikasies

informa.stg@mail.uovs.ac.za


**Adresplakker**